Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
(Noord Kaapse Afdeling)

Saakno: CA & R 131/02
Datum verhoor: 2003-06-09
Datum gelewer: 2003-06-09

In die appél van:

**THOMAS SCHOLTZ** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* TLALETSI WnR.

# UITSPRAAK OP APPéL

**MAJIEDT R:**

1. Die appellant het op 6 aanklagte tereggestaan, te wete:

a) Aanklagte 1 – 4 : Roof met verswarende omstandighede;

b) Aanklag 5 : Huisbraak met die opset om te steel en diefstal;

c) Aanklag 6 : Aanranding.

2. Na ‘n verhoor waartydens hy regsverteenwoordiging geniet het, is die appellant skuldig bevind op aanklagte 2, 3 en 4 soos ten laste gelÍ, op aanklag 5 aan huisbraak met die opset om ‘n misdryf onbekend aan die Staat te pleeg en op aanklag 6 aan aanranding gewoon. Aanklag 1 is by die aanvang van die verhoor teruggetrek teen die beskuldigde.

3. Op die voormelde skuldigbevindings is die appellant gevonnis tot 5 jaar gevangenisstraf op elk van die aanklagte 2, 3 en 4 sowel as op aanklag 5, en op aanklag 6 is hy berispe en ontslaan. Die landdros het gelas dat

die vonnis op aanklag 5 saam uitgedien moet word met dié op aanklag 2, met die gevolg dat die appellant effektiewe gevangenisstraf van 15 jaar opgelÍ is. Die appellant kom nou in hoër beroep teen beide skuldigbevinding en vonnis.

4. Op die roofaanklagtes (aanklagte 2, 3 en 4) het in elke geval slegs die klaer tot die bepaalde misdryf getuienis gelewer oor die pleging van die misdryf. Op aanklag 2 het die klaer, Michael Conradie, getuig dat hy op die dag van die voorval met sy fiets gery het na 'n mobiele winkel in die Roodepan-gebied. Die appellant wat aan hom bekend is net van sien, het hom langs die pad gestop, en nadat die appellant sy hand in sy broeksak gesteek het, het hy gedreig om hom te steek met 'n mes. Die appellant het op die bepaalde tydstip swart tekkies met wit *Nike*-strepe aangehad. Die appellant het toe die fiets van die klaer

weggeneem – dit was die klaer se oom se werksfiets. 'n Bedrag geld, te wete R20.00 wat die klaer by hom gehad het, is ook deur die appellant geneem. Nóg die geld, nóg die fiets is teruggevind. Alhoewel die appellant nooit 'n mes tevoorskyn gebring het nie, het hy aan die klaer aangedui dat hy wel in besit is van 'n mes en dat hy hom daarmee gaan steek, aldus die klaer.

5. Op aanklag 3 was die klaer ene Paulus Damons. Volgens die klaer het hy die beskuldigde geken van sien omdat hy skuins agter die klaer se suster in Hamerkopstraat in Roodepan gewoon het. Die betrokke aand van die voorval het die klaer se ma hom na Lerato Park toe gestuur en hy was onderweg terug huistoe met sy broer se fiets toe die appellant en een van sy vriende hom naby 'n myn se draad voorgekeer het. Nadat die appellant die fiets by hom geleen het en hy geweier het, het die

appellant se vriend die klaer met 'n Okapi-mes gedreig, die klaer van die fiets afgehaal en die appellant het toe die fiets weggeneem van die klaer af. Die fiets is nooit teruggevind nie.

6. Op aanklag 4 was die klaer ene Richard Jooste. Hy het getuig dat op die dag van die beweerde roof hy op pad was huistoe vanaf die skool met sy fiets toe hy die appellant teëgekom het. Die appellant het hom nader geroep en gevra om die klaer se fiets te leen sodat hy dagga daarmee kan gaan koop. Die klaer het geweier en die appellant het toe 'n Okapi-mes tevoorskyn gebring en twee keer daarmee gesteek na die klaer, alhoewel hy nie raakgesteek het nie. Die klaer het sy fiets laat val en weggehardloop waarna die appellant die fiets geneem en daarmee weggery het. Die fiets is nooit gevind nie. Volgens die klaer het hy glad nie die appellant voor die

voorval geken nie. Hy is egter doodseker van die appellant se identiteit omdat hy 'n aansienlike tydjie met hom deurgebring het daardie betrokke dag.

7. Op aanklag 5 het ene Theodore Burgess getuig dat hy en sy skoonseun en 'n paar ander vriende besig was om vleis te braai op die betrokke aand van die voorval toe hulle 'n geraas van planke wat breek gehoor het van die huis agter hom. Dié huis het op daardie stadium leeg gestaan, aangesien die bank as verbandhouer dit teruggeneem het van die vorige eienaar, ene mnr. Denzil Drude. Hulle het gaan ondersoek instel en die appellant halflyf binne-in 'n stukkende deur aangetref by die leë huis. Hulle het die polisie ontbied en die appellant is daar arresteer. Op die toneel het dit geblyk dat die appellant ou steekwonde op sy rug het wat blykbaar met salf behandel was. Meneer Burgess het ontken dat enige van

hulle die appellant hoegenaamd aangerand het by die voorval. Reservis konstabel Spedonie van die SAPD te Roodepan het bevestig dat hulle 'n klagte ontvang het waarna hy die toneel besoek het en vir mnr Burgess aangetref het tesame met die appellant. Die appellant het wel gekla van sy rug teenoor 'n kollega van konst. Spedonie. Die wonde op die appellant se rug was ou wonde en daar was duidelik salf sigbaar daarop. Die appellant het nooit op die toneel melding daarvan gemaak dat hy aangerand sou gewees het deur Burgess en sy vriende nie of dat Burgess 'n vuurwapen op hom sou gerig het. Mnr Tarquin Calvert is die skoonseun van mnr Burgess en hy het mnr. Burgess se weergawe in breë trekke bevestig in sy getuienis.

8. Op aanklag 6 het slegs die klaer getuig, te wete Sarel Buys. Hy het getuig dat hy die dag van die voorval by 'n

snoepwinkel te Hamerkopstraat in Roodepan was. Die appellant wat hy goed geken het van skooldae af, was ook daar teenwoordig en het hy by die klaer 'n kasset gevra wat die klaer nie aan hom wou oorhandig nie. Die klaer het toe weggestap van die snoepwinkel af en die appellant het hom agtervolg en hom in die gesig geslaan, geskop en sy bene onder hom uitgeskop. Die appellant het die klaer 3 keer met die vuis in die gesig geslaan. Hy het hom ook op 'n stadium verwurg. Die klaer kon nie 'n rede voorhou hoekom die appellant hom sou aangerand het nie.

9. Die Staat het ook die getuienis van ene Marié Loots aangebied. Sy is die tante van die klaer op aanklag 2, Michael Conradie. Sy het bevestig dat sy die oggend van die voorval vir Michael na 'n mobiele winkel gestuur het met 'n R20-noot om kleingeld vir haar te gaan kry. Die

klaer, Michaer, is daar weg met 'n fiets en het toe daarsonder teruggekeer en gerapporteer dat die fiets sowel as die geld by hom afgeneem is. Nóg die geld nóg die fiets is ooit teruggevind.

10. Dit het die getuienis vir die Staat afgesluit en die appellant het ook getuig. Die appellant was 'n uiters swak getuie en sy weergawe het grootliks daarop neergekom dat, behalwe vir die gebeure in aanklag 6, die res van die Staat se saak berus op versinsels wat gebaseer is op 'n vendetta wat ene Jalen en Terrence Feris teen hom voer. Ek mag melding maak hier van die feit dat die voormelde Terrence Feris die klaer was op aanklag 1 wat deur die Staat teruggetrek was by die aanvang van die verhoor.

11. Die landdros het by oorweging van die getuienis voor hom deeglik in ag geneem dat die klaers op aanklagte 2 tot 4 enkelgetuies is. Hy het dan ook met die nodige

versigtigheid hulle getuienis geëvalueer en sodanige versigtigheid blyk duidelik uit die oorkonde. Verder het die landdros, in die geval waar die betrokke klaers nie voorheen die appellant geken het nie (meer bepaald in die geval van die klaer op aanklag 4, Richard Jooste), die betroubaarheid van die betrokke identifikasie versigtig oorweeg. Die landdros se benadering ten aansien van hierdie uitkenningsgetuienis getuig van 'n versigtige oorweging van die bepaalde getuienis. Daar is na my mening niks fout te vind met die landdros se benadering nie en moet deeglik ingedagte gehou word die beperkinge wat 'n Hof van Appél het wanneer dit kom by die beoordeling van die geloofwaardigheid van getuienis op die oorkonde.

Sien in dié verband: **S v Radebe 1991(2) SASV 166 (T)** te 185 b-d.

12. Op aanklag 5 was die landdros tevrede dat mnr Burgess se getuienis, soos bevestig deur die getuienis van mnre. Calvert en Spedonie, inderdaad geloofwaardig en betroubaar was. Die getuies het na die landdros se mening ‘n goeie indruk gemaak en het nie probeer om die saak teen die appellant aan te dik nie.

13. Wat die appellant se getuienis aanbetref het die landdros heeltemal tereg bevind dat hy ‘n patetiese getuie was en dat die appellant leuenagtig was ten aansien van sy beweringe oor die beweerde veldtog teen hom wat gevoer was *via* die gefabriseerde weergawes van die staatsgetuies. Die landdros het veral gewys op die feit dat die appellant, ten spyte van sy beweringe dat daar ‘n vuurwapen op hom gerig was deur mnr. Burgess ten aansien van aanklag 5, en dat hy op die toneel aangerand was, niks daarvan vermeld het aan die polisie nie.

14. Inaggenome die voorafgaande, is ek tevrede dat daar absoluut geen meriete steek in die appellant se appél teen skuldigbevinding nie. Die landdros het deeglik dit voor oë gehou dat daar weersprekings was in die staatsgetuies se weergawes, maar was dit, na sy mening, nie wesenlik van aard nie. Ek is dit eens met die landdros dat die weersprekinge wat wel voorkom op die oorkonde, glad nie wesenlik van aard is nie. Die landdros het ook, heeltemal tereg na my mening, in ag geneem dat daar ‘n soortgelyke *modus operandi* gebruik was deur die appellant ten aansien van aanklagtes 2, 3 en 4. Hierdie soortgelyke feite het die landdros in ag geneem as stawing van die idenfikasie van die appellant deur die onderskeie klaers in daardie aanklagte. Ek meen dat die landdros heeltemal korrek te werk gegaan het met hierdie benadering. Daar moet in ag geneem word dat die appellant ‘n soortgelyke *modus operandi* in dié drie

voorvalle gebruik het, te wete:

a) hy het elke keer van 'n mes gebruik gemaak of die klaers daarmee gedreig;

b) al drie die klaers was jong seuns wat van fietse beroof was;

c) nadat die appellant die klaers gedreig het, het hy die fietse by hulle weggeneem en daarmee weggery;

d) al die voorvalle het in die omgewing van Roodepan plaasgevind;

e) uit die getuienis blyk dit duidelik dat die appellant in die Roodepan-omgewing woon, meer spesifiek in Hamerkopstraat;

f) Die appellant het meestal dieselfde kleredrag aangehad tydens hierdie voorvalle.

Dit is regtens toelaatbaar om soortgelyke feite in

aanmerking te neem ter stawing van 'n klaer se getuienis en meer bepaald ter stawing van uitkenningsgetuienis. Sien in dié verband: **S v Moti 1998(2) SASV 245 (HHA)** te 258 d.

15. Voordat ek my na die meriete van die appél teen vonnis wend, moet ek byvoeg dat die appellant se prokureur, heeltemal tereg, toegegee het by die verhoor dat die appellant op sy eie weergawe hom skuldig gemaak het aan gewone aanranding op aanklag 6, aangesien die appellant erken het dat hy die klaer daar ten minste een keer geklap het deur sy gesig. Alles inaggenome dus is ek tevrede dat die appellant korrek skuldig bevind is deur die landdros.

16. Wat vonnis aanbetref is 'n Hof van Appél se beperkte bevoegdhede van inmenging nou reeds welbekend. Hier is verder 'n minimum vonnis van 15 jaar gevangenisstraf

voorgeskryf op aanklagte 2, 3 en 4 deur die wetgewer in Wet 105 van 1997 as daar geen wesenlike en dwingende omstandighede bestaan nie.

17. Die uitspraak in **S v Malgas 2001(1) SASV 469 (A)** lÍ gesaghebbend die benadering neer wat toegepas moet word by die oorweging van die vraag of daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan in ‘n bepaalde geval. Wanneer in ag geneem word die feit dat geen een van die klaers in die 3 aanklagte hier ter sake (nr. 2, 3 en 4) hoegenaamd beseer is nie en dat die waarde van die eiendom wat geroof is redelik klein is, meen ek dat die landdros korrek was in sy bevinding dat daar wel wesenlike en dwingende omstandighede in hierdie saak bestaan om af te wyk van die minimum voorgeskrewe vonnis. Die landdros het met die evaluering van die tersaaklike faktore by vonnisoplegging deeglik rekening

daarmee gehou dat hy ‘n balans moet nastreef tussen die persoonlike omstandighede van die appellant, die belange van die gemeenskap en die erns van die onderskeie misdrywe. Wanneer die opgelegde vonnisse in dié lig beskou word meen ek nie dat daar enige gronde vir ingryping is op die basis dat die vonnisse skokkend onvanpas is nie. Inteendeel, ek is die mening toegedaan dat die appellant eintlik betreklik lig daarvan afgekom het. Ek is tevrede dat die opgelegde vonnisse billik en redelik is in die omstandighede en is daar na my mening geen basis om daarmee in te meng nie.

**18. By gevolg word die appellant se appél teen skuldigbevinding en vonnis van die hand gewys.**

______________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stem saam:**

______________

**LP TLALETSI**

**WAARNEMENDE REGTER**

| | | |
|---|---|---|
| NAMENS APPELLANT | : | |
| NAMENS RESPONDENT | : | ADV C NEKOSIE |
| DATUM VAN VERHOOR | : | 2003-06-09 |
| DATUM VAN UITSPRAAK | : | 2003-06-09 |